Skriflesing: Mattheus 6:1-18
Heidelbergse Kategismus: **Sondag 46**
Teks: Lukas 11:2a
Sing: Ps 25:1,10; Ps 89:3; Ps 86:5

Die Here het ons hierdie volmaakte gebed, die Onse Vader, tweemaal geleer, broeder en suster. Die eerste keer in Mattheus 6, waar dit beskou word as die begin van Jesus se amptelike optrede, deel van die laaste 6 maande van Jesus se lewe op aarde. En dan lees ons die gebed weer in Lukas 11. Amper aan die einde van Jesus se lewe op aarde, dan gee die Here weer vir ons hierdie gebed. Ses maande later wil die Here weer sy dissipels by hierdie volmaakte gebed uitbring. As die Here Self hierdie gebed op so 'n besondere wyse aan die begin van Sy amptelike bediening gee en dan ook weer dit aan die einde daarvan herhaal, dit wys tog vir ons hoe belangrik Jesus Self na hierdie gebed gekyk het. Hy wou sy dissipels in elke deel daarvan onderrig, soos wat die Kategismus ook nou aan ons wil doen. Die kerk van die Here kan sonder hierdie gebed nie kerk wees nie.

Die eerste wanneer ons hierdie gebed uit die mond van Jesus hoor, is by dieselfde geleentheid wat daar ook ander wonderlike dinge uit die mond van Jesus gekom het. Sy bergpreek, of dan ook genoem die bergrede die wonderlike salig-klanke daarvan sou in die berg nog hang, watter volmaakte preek was dit nie. Vir ons vandag is daar in die bergpredikasie soveel heerlikheid opgesluit, maar dan spreek Jesus op dieselfde berg rondom dieselfde tyd nie net die volmaakte preek uit nie, maar ook die volmaakte gebed. Die gebed wat die hele kerk, die kerk van alle eeue aan moet vashou. Elkeen moet deur hierdie gebed elke keer opnuut besin wat dit beteken om die gebed ook op so 'n besondere wyse te begin- *Onse Vader wat in die hemel is…*

Die Wet van die gebed, die Wet wat Jesus ons leer, hierdie Wet wil nie hê dat ons, ons gebede op 'n ander manier mee moet begin nie. Ons moet die berg-preek en die berg-gebed, die Onse Vader, dan ook nie van mekaar losmaak nie. Die bergpredikasie het spesifiek vanuit 'n spesifieke agtergrond en omstandigheid daar opgeklink. Jesus het baie worsteling en vrae van die kant van die Fariseërs beleef. Veral het Jesus dan op drie terreine sy worsteling met die Fariseërs aan ons wou wys. Wanneer dit gaan om die vra van aalmoese, m.a.w. die betoning van liefdadigheid, wanneer daar gebid word en

wanneer daar gevas word, het die Fariseërs se teorie en praktyk nie Jesus se goedkeuring weggedra nie. Jesus wil dat as jy aalmoese gee moet nie dat almal daarvan weet nie, *moet nie 'n trompet voor jou blaas soos die geveinsdes in die sinagoges en op die strate doen, dat hulle deur die mense geëer kan word nie…* In dieselfde trant praat Jesus dan ook oor ons gebede (Matt.6:5) *…En wanneer jy bid moet jy ook nie soos die geveinsdes (wees) nie…*Hierbinne leer die Here ons dan die regte gebed…Dan kom ook v.16 as julle vas…*En wanneer julle vas, moenie lang gesigte trek soos die geveinsdes nie…*

Hierin kan ons dan ook aflei dat die grootste deel van die bergrede is eintlik 'n worsteling en reaksie op hoe ons nie soos die Fariseërs met liefdadigheid moet werk, in ons gebede, en ook wanneer ons sou vas nie. Die geveinsdheid waarmee die Fariseërs dit gedoen het, maak dat hulle nie waarlik dié God ken wat Hom as onse Vader aan ons openbaar nie. Hulle verhouding met God en dit waartoe hulle die volk wou dwing, was eintlik nie 'n opregte warme verbondsverhouding nie, maar 'n koue kontraktuele formalistiese dwang waarin die liefde wat daar vir God in ons moet wees baie skade ly.

Om God in dankbaarheid aan te roep en in gehoorsaamheid na Hom te wil luister is daar nie by hulle nie. Nee, het hulle gesê, God wil dat jy vir Hom moet werk en dat jou werke so moet wees dat al die dinge wat jy voor die Here reg kan doen, dat die Here dan vir jou op grond van jou goeie werke sal beloon vir jou goeie prestasies. Die werke van die Wet weeg dan in alle geval altyd swaarder as die vrye genade van dieselfde God. Jy kan alleen deur eie verdienste salig word en nie deur die eindelose barmhartigheid en ontferming van die Here nie.

***

Broeder en suster, ons kan ons maar net indink, as dit mens se benadering tot die Here is, en alles bestaan uit koue plig en harde eise dan sal dit sulke mense se gebede totaal en al aantas, sulke mense sal nie weet wat dit is om met die regte gebed na die Here te kom nie. Hulle sal bid asof God Een is wat hard is, waar dit nie gaan oor hoe ek in God glo en op Hom vertrou nie, maar veel eerder bid so een soos die Fariseërs wat dink hulle verdienste voor die Here is so groot, en die gebed is ook maar net nog 'n middel waarmee ek sekere dinge kan verdien. Hoe meer ek bid hoe meer skuld die Here my! Sulke mense gebruik

dan ook baie woorde en doen lang gebede voor die mense want wil hulle mos nog iets ekstra by die Here verdien.

Terwyl die Kategismus alles behalwe die gebed benader as saak van verdienste wat ek God mee moet beïndruk. Nee, hier is sprake **van kinderlike vrees en vertroue op God** en dat God tog hierdie vrees en vertroue in my moet wek want ekself het dit nie! Ek roep God as ons Vader aan, want God is nie maar outomaties en op grond van wie ek is onse Vader nie. God het alleen deur Christus ons Vader geword. In die besef van hierdie rykdom wat die Kategismus hier ontsluit is dit eintlik dinge wat daar in jou binnekamer aan ons oopgesluit word. Nie vir ander mense om dit alles te sien nie, nog minder moet ek ander mense hiermee wil beïndruk. Juis daar waar ander mense jou nie kan sien nie, bid daar tot onse Vader. Moet ook nie applous van die mense verwag nie!

Die verbond wil deur die gebed in jou lewe versterk word en nie ontkrag word soos die Fariseërs eintlik met hulle gebede gedoen het nie. Ons God wil ons Vader wees, soos Christus Self ons in hierdie gebed voorgegaan het, trouens in Lukas 11 sien ons toe Jesus hierdie gebed ’n tweede maal aan sy dissipels leer toe het dit eintlik voortgekom uit die feit dat Jesus toe Self eers nog in gebed was (Luk 11:1). Jesus het toe Hy opgehou bid het die vraag so innig van sy dissipels gehoor, op grond van Jesus se eie gebed voorbeeld- *Here leer ons bid…*

Jesus plaas dan elke woord op sy plek. Die aanspraak op God die Vader word gemaak, dan volg daar ses bedes en weer eindig die gebed met lof aan God. Ja, die Drie-Enige God staan in die gebed ten volle voorop. Die eerste en die vierde bede is gerig tot God die Vader. Die tweede en die vyfde bede is gerig op die werk van God die Seun, en die derde en die sesde bede is gerig op die besondere werk van God die Heilige Gees.

***

In wat ons vandag mag hoor is dit duidelik God wil vir ons ’n Vader wees, God ken en God vervul werklik aan die behoeftes van sy kinders, en Hy weet waarlik wat vir ons die beste is. God is deur Christus ons Vader. In die Ou Testament was dit by groot uitsondering dat God as ons Vader aangeroep was. Selfs net die Here se verbondsnaam

JAHWEH wat ons in vier hoofletters in Afrikaans skrywe as HERE, selfs het die Israeliete later ook nie hierdie verbondsnaam met vertroue kon gebruik nie. Hulle was so bang dat hulle die derde gebod in die gebruik van die Here se Naam sal oortree dat met latere tye in die Ou Testament dit die gebruik geword het om in die plek van die Here se Naam soos dit daar geskryf staan, dan eerder nie hierdie Naam uit te spreek nie, maar in die plek daarvan het hulle dan bloot gelees ADONAI, wat gewoon, Heer of Gebieder beteken. Nooit was daar toe sprake daarvan om God in die gebed as jou Vader aan te roep en aan te spreek nie.

Kan u insien die geweldige heilsmoment wat in Christus aangebreek het as Hy wat God se Seun is, vir ons keer op keer wys dat jy God as Vader mag aanroep. Waar die vroeëre name van die Here op sy andersheid, sy almag en grootheid kon dui, nou kom Christus en Hy lê die Vadernaam op ons lippe. Daardie nabyheid en daardie innigheid en liefde om God so te mag noem soos wat Jesus ons die geleentheid daarvoor gegee het. Die Naam vir God wat Jesus uitgekies het, hierdie Naam mag nou ook ons keuse wees. Watter voorreg om God ook so te mag noem soos wat Jesus Hom genoem het. Jesus het as jong seun dit al gedoen. As twaalfjarige kind het Maria en Josef sy aardse ouers baie bekommerd na Hom begin soek en toe hulle Hom dan op die einde in die tempel vind was sy antwoord dat Hy met die dinge van sy Vader besig moet wees (Luk 2:49). Toe reeds het Jesus God as sy Vader aangeroep al het hy ook vir Josef as aardse vader sou eer.

Daar word in die Nuwe Testament dan verder op deurlopende basis vrymoedig oor God as ons Vader gespreek. Johannes 14:2 waar Jesus dit so treffend uitroep- Christus lê ’n nou intieme band tussen die Vader daarbo en Hy wat Christus is hier onder- *In die huis van my Vader is daar baie wonings…*en dan antwoord Jesus vir Thomas net vier verse later- *…niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.* En nou tree Filippus ook tot die gesprek, want vra Filippus dat Jesus vir hulle *die Vader moet toon en dit is vir ons genoeg…* Filippus worstel presies met wat die Kategismus hier vir ons wil uitklaar- God is vir Filippus in baie opsigte die transendente God, daardie oneindige afstand tussen God en mens kry ons nie oorbrug nie en tog wil Filippus God as Vader nader aan hom hê. *Toon ons die Vader…*maar watter ontsaglike en bevrydende antwoord gee die Here Jesus

nie net aan Filippus nie, maar aan ons almal - *Hy wat My gesien het, het die Vader gesien…*Die band is geweldig nou tussen God die Vader en sy Christus wat hier onder ons is. In hierdie noue band word ons ook ingetrek.

***

Om God as *onse* Vader aan te spreek gee juis uitdrukking aan hierdie noue band, hierdie verbondsgedagte wat in alles gehandhaaf word. God is nie net die God van majesteit nie, maar ook die God van genade en liefde, nie net die God baie anders as ons nie, baie vêr van ons nie, maar Hy is die God van ons vertroue, die God wat met ons in verhouding staan- *Hy slaan, hoewel oneindig hoog op hul die oog wat nederig lewe…*

Mag die woord ONSE- nie maar net met die mond gesê word nie, kom ons dit werklik met die hart wil sê- God wat die Vader van sy kinders wil wees, maar wat ook aan ons wel ons behoeftes ken en vervul. Ons mag vrymoedig met God praat. Die Gees van God wat jou dan ook laat besef ons is die kerk van God, ons is God se kinders, ons mag met ons Vader praat. So staan dit dan ook in Romeine 8:16 dat die Gees saam met ons gees getuig *dat ons kinders van God is* …ons het deur dieselfde Gees van God die Gees van aanneming ontvang dat ons deur die Gees God as Abba Vader mag noem. Met iets kinderlik soos ’n kind met sy aardse pa mag praat, so naby bring die Heilige Gees ons aan ons Hemelse Vader dat daar werklik ’n kinderlike vertroue in ons mag wees dat God my sal verhoor omdat Hy in Christus my Vader geword het.

Om God dan hier gesamentlik as onse Vader aan te roep moet ons aan die ander kant uiters versigtig wees, om te dink godsdiens en my gebede tot God is ’n saak net tussen God en my. Jy noem God ONSE Vader, wat klaar dit uitspel dat jy het nie maar net in jou persoon alleen met die God wat ons aanroep te doen nie en dat God en godsdiens eintlik maar daar in my persoonlike lewe tuishoort nie. God sien nie jou daar in afsondering en daarom sal God nou net met jou die pad loop anders as wat Hy met sy ander kinders dit doen nie. God kyk nie eers na die enkeling en dan kyk Hy na sy kerk nie, maar God, onse Vader kyk eerste na sy kerk en vanuit sy kerk kyk Hy na jou. Dit kan nie andersom werk nie.

Ten diepste lê in hierdie eerste sin van die volmaakte gebed 'n wonderlike en diepe kerkbesef. God het nie maar net die oog op 'n klomp los individue en nou het God besluit om hierdie individue te verlos en hulle dan daarna tot een kerkgemeenskap te bring nie. Nee, broeder en suster, te maklik aanvaar mense dit is hoe God werk. Hy verlos nie die individu om daarna vir jou in sy kerk te verlos nie, maar God verlos eerstens sy kerk, die volk van Hom as eiendom verkry, en jy kan alleen in hierdie verlossing deel omdat jy tot God se kerk behoort, jy behoort in die gemeenskap van die heiliges en so is jy lid van die liggaam van Christus. Waar God jou sien in terme van waar jy in Christus geplaas is, in sy kerk deel jy en daarom is jy 'n verloste.

Godsdiens is daarom geen persoonlike saak soos mense baie keer wil voorgee nie. Selfs wil mense dan ook nie oor hulle gebede praat nie en ook nie in gebede met mekaar saamkom nie. Godsdiens soos Holwerda dit stel, is eintlik die mees sosiale saak ter wêreld! God verlos sy kerk en daarom verlos Hy my tegelyk as deelgenoot van sy kerk. God gee sy heil aan die gemeenskap en daarom kom die heil dan ook tot hulle almal wat aan hierdie gemeenskap behoort. Dit is nie God en dan kom Hy tot die enkeling om daarna tot sy kerk te kom nie, maar dit werk andersom. God kom eerste na sy kerk en deur sy kerk, God se vrou, ons moeder, is daar dan ook die band met jou. Sonder die ware kerk kan daar geen band tussen jou en God wees nie. Of anders gestel, dit sê onse Vader vir ons – daar is geen band tussen God en my as ek geen band aan sy kerk het nie. Hoe sal God aan my iets gee wat Hy nie aan sy kerk wil gee nie. God gee juis sy genade in die volheid daarvan aan sy kerk dat ons juis as kerk ten volle in hierdie genade mag deel. Die woordjie *onse*- in hierdie gebed sê dit alles! Wie Vader sê, sê tegelyk ook broeders en susters. Dit is nie maar net *my* Vader nie, maar dit is en bly *onse* Vader…

***

Die onse Vader ontsluit nie net 'n ryke hemel nie maar ook 'n ryke aarde. Ja albei die tafels van die Wet kom in die eerste twee woorde van hierdie gebed op die tafel. Ons verhouding tot God en ons verhouding tot ons naaste, die liefde vir God en die liefde vir ons naaste word tegelyk aangespreek. Ons het werklik 'n Vader tot Wie ons vrymoedig kan gaan met al ons vrae en nood en behoeftes. Die feit dat God ons Vader deur Christus geword het bring daardie totale sekerheid dat Hy my gebed sal verhoor. Ek mag ten volle

daarop hoop. Soveel so dat hierdie hoop sluit nie die toekoms uit nie. Soos ek vir die hier en die nou my vertroue op God kan stel net so seker kan ek dit met die oog op die toekoms doen. Dit is die hoop wat ons in Rom 5:5 ook van lees- *die hoop beskaam nie, omdat die liefde van God in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is.*

Wanneer Jesus aan die einde van sy bergrede kom dan ontvang ons ook hierdie sekerheid in Matt.7:7-11: *Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word. Want elkeen wat bid, ontvang; en hy wat soek, vind; en vir hom wat klop, sal oopgemaak word. Of watter mens is daar onder julle wat, as sy seun hom brood vra, aan hom 'n klip sal gee; en as hy 'n vis vra, aan hom 'n slang sal gee? As julle wat sleg is, dan weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemele is, goeie dinge gee aan die wat Hom bid!* Daar kan geen kragtiger woorde wees as dit wat Jesus Self vir ons gee dat God as Vader ons gebede sal verhoor nie. Ons gebed en die sekerheid dat ons gebede verhoor word, is onlosmaaklik aan mekaar verbind. Dit geld vir elkeen- Jesus lê ook besonder klem op die woord- ELKEEN… God weet wat altyd vir ons die beste is; die goeie in elke situasie is aan die Here nie onbekend nie.

***

Daarom is dit so belangrik dat ons in die geloof sal bid. Dit gaan trouens om wat Paulus ons so duidelik op wys- Geloof, hoop en liefde. Net die woorde – ONSE VADER- dit gee 'n vaste geloofsfondament onder u gebed, maar het ons reeds ook die kragtige hoop ontvang dat God ons gebede sal verhoor. Ons liefde staan nie terug nie. Die feit dat ek God as onse Vader aanroep, daarin is daar reeds die liefde ook vir my naaste. Ek bid nie maar net vir my alleen nie, maar my gebedsaandag wil dat God die liefde wat Hy aan my betoon, dat Hy dieselfde liefde ook aan my naaste sal betoon. Christus gee ons hierdie ruimte, Hy wat vir ons ruimte maak- dit wat die woord Rehoboth beteken- God het vir ons ruimte gemaak- die Rehoboth in die gebed is dat ons besef niemand kan na die Vader kom behalwe deur Christus nie. Dit is die weg, maar die ruimte in hierdie weg is om te weet ook soos Dawid is Ps 25 aan ons wys. Eers vers 1- God is vir Hom die persoonlike

God, my God- *Tot U HERE, hef ek my siel op…*maar aan die einde van die Psalm- v.22- dan bid hy vir die hele Israel- *o God verlos Israel uit al sy benoudhede…*

Maar onthou broeder en suster, dit bly vir ons almal, jy die enkeling voor God, maar ook ons as die volk van God, die kerk van die Here, die God wat onse Vader is- *wat in die hemele is*- Die Kategismus het 'n aparte vraag net oor hierdie woorde- **Waarom word hier bygevoeg wat in die hemele is?...** Van God se hemelse majesteit moet ons nie aards van dink nie. Van God se almag moet ons alles verwag. Ons kan alles wat vir liggaam en siel nodig is van God verwag. God is naby ons, maar Hy is nie ons maat nie. Hy is nie maar net soos een van ons nie. Sy majesteit is hoog verhewe.

Jes.40:22 stel dit duidelik- *Hy sit bo die kring van die aarde, en die bewoners daarvan is soos sprinkane; Hy span die hemele uit soos 'n dun doek en sprei dit uit soos 'n tent om in te woon*. Dit bring ons nog nader aan die woorde wat die Here in Jes.55:9 van Homself duidelik maak-*Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is my weë hoër as julle weë en my gedagtes as julle gedagtes.* Die eerbied en die vertroue wat ons moet hê, dit kan ons alles in die Vadernaam verwag, maar die hemelse heerlikheid, die hemelse heiligheid, die hemelse geregtig is die grondslag van God se troon. God kan nie met menslike maatstawwe gemeet word nie. Ons klein en troebele gedagtegang kan die werk en die Persone van God nie in alles verklaar nie. God is nie maar gelyk aan ons nie en daarom hoe meer begrip daar is vir die grootheid van God, hoe meer verwondering is daar oor die heerlikheid van God en hoe meer verwagting is daar by sy kinders dat dit hulle aan niks sal ontbreek nie.

***

Hy wat die Almagtige God is, kan u in hierdie volmaakte gebed drie sterre sien skitter?! Die ster van geloof, hoop en liefde. U mag deur al drie hierdie dinge met volle vrymoedigheid na God toe gaan – in geloof, in hoop en in liefde. Ons het dit so nodig dat daar werklik gebid moet word. Watter geweldige krag wat daar van die gebed uitgaan. Dit wat Moses se gesig laat skitter het, sy aangesig blink as hy bid want Hy is in die nabyheid van die Here. Die gebed is nog altyd dieselfde krag, want gevoude hande is geweldig sterk hande, leë hande word volgemaak. Die God wat onse Vader is, kom tot

Hom wat in die hemele is, kom na Hom deur die geloof, Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, daarom sal Hy ons deur sy Seun alles genadiglik skenk.

AMEN

Vrae uit Sondag 46:

1. Hoeveel male het Jesus ons hierdie volmaakte gebed in sy Woord gegee?
2. Watter besondere waarde het Jesus Self aan hierdie gebed geheg?
3. Watter volmaakte preek van Jesus gaan saam met die volmaakte gebed?
4. Wat is die drie terreine waarin die Here met die Fariseërs in besonder baie mee geworstel het?
5. Op watter wyse/s was die Fariseërs se gebede verkeerd?
6. Hoe het God ons Vader geword?
7. Wat bedoel die Kategismus dat daar by ons ’n kinderlike *vrees* en kinderlike *vertroue* in ons gebede moet wees?
8. Motiveer waarom ons kan sê dat die Drie-Enige God staan in die Onse-Vader gebed voorop? (kyk p. 3 se einde).
9. Hoe dikwels is God in die Ou Testament as Vader aangespreek?
10. Wat is die Name waarmee God dan hoofsaaklik mee aangeroep was?
11. Watter geweldige groot heilsmoment het die koms van Christus vir ons meegebring?
12. Wat is die Naam waarmee Jesus as twaalfjarige Seun God mee aangeroep het?
13. Wat was Jesus se besondere antwoord aan Filippus toe hy vir Jesus gevra het dat Hy aan hom die Vader moet toon? (vgl Joh.14).
14. Watter betekenis het dit om God as Abba Vader te mag aanroep (Rom 8)?
15. Is jou godsdiens en gebede uit en uit net ’n persoonlike saak tussen jou en God?
16. Motiveer waarom die woord- ONSE in die onse Vader ten diepste ook ons kerkbesef insluit? Kyk God eerste na jou voordat Hy na Sy kerk kyk of kyk Hy eerste na Sy kerk wanneer God ook na jou kyk?!
17. Watter sekerheid gee Jesus vir ons dat God wel ons gebede hoor?
18. Watter rol speel geloof en hoop en liefde in ons gebede? (vgl p7 se einde). Ons kan dit soos drie sterre noem wat in ons gebede moet bly skitter…
19. Wat beteken die woord Rehoboth?
20. Waarom word die woorde – *wat in die hemele is*- in die volmaakte gebed bygevoeg?
21. Hoe belangrik en hoe nodig is dit dat daar nog gebid moet word? Motiveer


SONDAG 46
120. Waarom het Christus ons beveel om God as *ons Vader* aan te spreek?
Sodat hy heel aan die begin van ons gebed in ons sal wek
Wat? die kinderlike vrees en vertroue op God
Die grond van ons gebed moet wees
Wat?
dat God deur Christus ons Vader geword het
dat Hy ons dit veel minder sal weier as wat ons aardse vaders vir ons dinge ontsê
Wat weier? dit wat ons in die geloof van Hom bid


121. Waarom word hier bygevoeg: *wat in die hemel is?*
Sodat ons van die hemelse majesteit van God nie aards moet dink nie
Sodat ons van sy almag alles verwag wat ons vir liggaam en siel nodig het